DAG 13

Hy doop met vuur

Lees Matteus 3:11-12.

"Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop" (v. 11b).

Die Here wil nie hê dat ons sy vuur slegs op 'n afstand moet beleef nie. Daarom stuur Hy sy Seun na hierdie wêreld toe om nietige mense met sy vuur te doop. Jou hele lewe moet in die vlam van God se teenwoordigheid opgeneem word. Daarom is die vlam die Here se manifestasie van sy teenwoordigheid en krag in jou lewe.

Dan beïnvloed Hy elke deel van jou lewe. Dan leef daar 'n passie in jou vir sy wil met jou lewe.

So het Jesus op aarde geleef. Sy hele lewe was deurweek met 'n passie vir die wil van die Vader. Die vuurvlam in sy oë het vertel van sy unieke verhouding met die Vader.

Dit wil die Here ook in ons lewe sien. Hy het 'n unieke plan vir jou. Daarom wil Hy hê jy moet sy teenwoordigheid in jou lewe uitstraal. As jy hierdie plan van God vir jou lewe ontdek, word jy 'n mens

vol passie vir die Here. Dit is dan dat jy ware geluk ontdek. Mense rondom jou sien hoe tevrede jy is. Nou is jy 'n mens gedoop in God se vuur. Daarom kom jou lewe in lyn met God se plan. Dit is 'n bonatuurlike bekragtiging van die Heilige Gees in jou lewe.

Here, ek is gereed. Doop my nou met u vuur. Word alles in my deur die krag van die Heilige Gees.

Aantekeninge: